Maandag 15 Junie
Skrifgedeelte: Romeine 11:1-10
Fokusgedeelte: Romeine 11:1, 5, 6 (AFR33/53/AFR83)
Uit genade het God tog nie sy volk verstoot nie

In Romeine 9 en 10 sien ons waarom Paulus se eie volksgenote die evangelie verwerp het. Een deel van die antwoord is die uitverkiesing. “Nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie.” God het nie almal in Israel uitgekies nie. Die ander deel van die antwoord beklemtoon Israel se verantwoordelikheid; hulle onwilligheid en ongehoorsaamheid. Hulle wou nie glo nie. Hulle het die Messias en die evangelie verwerp.

Die vraag wat nou in Romeine 11:1 na vore kom, is of God dan nie vir Israel as volk verstoot het nie? Het God hulle nie verwerp nie? Is dit nie onnodig om te wens en te bid dat hulle gered moet word nie? In ons fokusgedeelte is die antwoord op hierdie vraag: “Beslis nie!” Dit word in geen onduidelike taal gesê nie.

Paulus gee bewyse waarom hy so sê. Hyself is die eerste bewys daarvan. Hy is ook ’n Israeliet. As God hom nie verwerp het terwyl hy die kerk van die Here probeer uitroei het nie, dan kan niemand vooraf sê dat God hom verwerp het nie. Nog ’n bewys wat Paulus aanvoer, is dat God met ’n oorblyfsel werk soos duidelik blyk uit die tyd van Elia. God red deur sy groot genade ’n oorblyfsel wat Hy uitverkies het.

Ons mense is so geneig om van die genade minder te maak as wat dit is, naamlik genade. Dan dink ons dat God iets in my moes vind, een of ander verdienste, waarom Hy my gered het. Daarom dat Paulus so meedoënloos daarop hamer dat genade genade is. Selfs die deel van die Jode wat tot geloof gekom het, het nie tot geloof gekom as gevolg van iets in hulleself nie. Hulle is uit genade uitgekies. Ook hy wat Paulus was, het dit nie verdien nie. Ook jy en ek wat in die Here Jesus glo, het dit nie verdien nie.

*Sing: Psalm 33-1:5, 6, 11*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*